

2020-Stalspryswenner

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns¹ het die 2020-Stalsprys vir Stads- en Streeksbeplanning aan prof. J.J. (Das) Steyn, emeritus professor van die Departement Stads- en Streeksbeplanning,² Universiteit van die Vrystaat, toegeken. Dit is gegrond op, onder andere, sy talle publikasies in Afrikaans en die belangrike rol wat hy in die beplanningsprofessie in Suid-Afrika gespeel het.

Hy verwerf B Arch (1972) en die MSS (1978) aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat en 'n M Arch (1979 in Stedelike Ontwerp) aan Toronto Universiteit. Vir sy PhD (1989 UOVS) doen hy navorsing in Nederland onder professor H.M. Goudappel, en voltooi sy studie onder leiding van professor Wallace van Zyl.

Deur Goudappel se urbanistiek konsep te kombineer met die Christelike wysbegeerte poog hy om te verklaar wat op verskillende fronte van die Stads- en Streekbeplanning gebeur en hoe die praktyk, teoretiese denke en die onderliggende waardesisteme met mekaar skakel in die beplanningsteorie. Hierdie loop soos 'n goue draad deur sy akademiese werk.

Vir die afgelope 21 jaar was Das Steyn redakteur van hierdie tydskrif, waarin hy deur gefundeerde hoofberigte beplanningskwessies onder die soeklig plaas. Die tydskrif is uitgebou tot 'n tydskrif wat op die lys van die Noorweegse Register vir Wetenskaplike Tydskrifte, asook die Scientific Electronic Library Online (SciELO) verskyn en in meer as 60 lande gelees word.

Graag wil die redaksie hom gelukwens met die toekenning van die prestige Stalsprys.

Prof. M.M. Campbell
Redakteur

1 Die Akademie (https://en.wikipedia.org/wiki/Suid-Afrikaanse_Akademie_vir_Wetenskap_en_Kuns) is op 2 Julie 1909 gestig en het oor die jare gereelde toekenning van prestigepryse gemaak. Daar is sedert 1947 byna 150 Stalspryse uitgegee waarvan ongeveer 15 aan mense verbonde aan die Vrystaatse Universiteit. Hierdie is die eerste toekenning vir Stads- en Streekbeplanning.

2 Hy word in 1980 aangestel as dosent aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat en gaan deur die range totdat hy in 2009 aftree as departementele voorsitter. Daarna word hy 'n deeltydse dosent en sedert 2015 'n navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Vrystaat.